

Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat enige vrae beantwoord word:

- 1 Die vraestel bestaan uit 6 vrae. Antwoord AL die vrae.**
- 2 Dui AL die berekeninge, diagramme, grafieke, ensovoorts wat in die beantwoording van vrae gebruik is, aan.**
- 3 'n Goedgekeurde, wetenskaplike sakrekenaar (nie-programmeerbaar en nie-grafies) mag gebruik word, tensy anders vermeld.**
- 4 Indien nodig, moet antwoord tot TWEE desimale plekke afgerond word, tensy anders vermeld.**
- 5 Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.**
- 6 Diagramme is NIE noodwendig volgens skaal geteken nie.**
- 7 Dit is tot jou eie voordeel om leesbaar te skryf en netjies te werk.**

VRAAG 1

- 1.1 Voltooi die volgende, deur slegs die korrekte antwoord langs die nommer neer te skryf:**


- 1.1.1 'n Skerphoek is 'n hoek tussen ...° en ...°
- 1.1.2 'n Hoek van 95° is 'n ... hoek..
- 1.1.3 $\hat{A}$ en $\hat{B}$ is supplementêre hoeke indien dit optel na ...°
- 1.1.4 In 'n driehoek is die langste sy altyd teenoor die ... hoek.
- 1.1.5 In 'n reghoekige driehoek is die ... die sy teenoor die regte hoek.

(5)

1.2 Vir elke vraag is daar net een korrekte antwoord. Skryf slegs die nommer en die letter van die korrekte antwoord neer:


1.2.1 $\hat{O}_1$ en $\hat{O}_2$ is

- A regoorstaande hoeke
- B komplementêre hoeke
- C supplementêre hoeke
- D aangrensende hoeke




1.2.2 $\hat{B}$ is

- A 'n stomphoek
- B 'n regte hoek
- C 'n gestrekte hoek
- D 'n omwenteling



1.2.3 In $\triangle CDE$ is

- A $CE = CD + DE$
- B $CD^2 + DE^2 = CE^2$
- C $CD^2 = CE^2 + DE^2$
- D $DE^2 = CD^2 + CE^2$



1.2.4 Die som van die binnehoeke van 'n driehoek is gelyk aan

- A 360°
- B 90°
- C 180°
- D 270°

1.2.5 Die buitehoek van 'n driehoek is gelyk aan

- A die teenoorstaande binnehoek
- B die aangrensende hoek
- C die som van die binnehoeke
- D die som van die teenoorstaande binnehoeke


(5)

1.3 Bestudeer die diagram en voltooi:

1.3.1 a en e is ... hoeke

1.3.2 b en e is ... hoeke

1.3.3 c en e is ... hoeke




(3)

1.4 In die diagram is UR en TQ reguitlyne, $\hat{P}\hat{O}R = 90^\circ$ en $\hat{O}_3 + \hat{O}_4 = 90^\circ$. Voltooi die volgende:

1.4.1 $\hat{U}\hat{O}P + \hat{P}\hat{O}R = \dots^\circ$

1.4.2 $\hat{O}_3 = \angle \dots$

1.4.3 $\hat{O}_3 + \hat{O}_2 = \dots^\circ$



(3)
[16]


VRAAG 2

2.1 Bereken, met redes, die groottes van:

2.1.1 $\hat{R}_2$

2.1.2 $\hat{Q}$

2.1.3 $\hat{P}$




(6)


2.2 Bereken, met redes, die groottes van:

2.2.1 $\hat{D}_1$

2.2.2 $\hat{A}_1$

Bladsy 3 van 6



VRAAG 3 (Al die eenhede is in cm)**3.1 Is die volgende driehoek reghoekig of nie? Wys al jou berekenings.**

(4)

3.2 Verwys na die skets om die volgende te bereken:

3.2.1 PQ


(2)

3.2.2 TR


(2)

3.2.3 Die oppervlakte van $\triangle TRS$

(3)



[11]

VRAAG 4**4.1 Bepaal die omtrek van die volgende:**


(3)

4.2 Bepaal die volgende:

4.2.1 Die oppervlakte van die sirkel met radius van 7 cm (3)

4.2.2 Die oppervlakte van die sirkel met radius van 14 cm (3)

4.2.3 Die oppervlakte van die gekleurde gedeelte (3)




4.3 Benoem die volgende dele van die sirkel met middelpunt O: centre O:

4.3.1 OS

4.3.2 MN

4.3.3 AB

4.3.4 gedeelte C



(4)
[16]

VRAAG 5

5.1 Die getal foute wat deur 30 leerders in 'n Wiskunde toets gemaak is, is soos volg: :

6	7	1	3	9	10	11	5	13	10
14	11	21	15	17	23	22	13	20	23
16	24	22	12	3	21	18	6	20	7

5.1.1 Voltooi 'n geordende stingel-en-blaar diagram

(4)

5.1.2 Bereken die gemiddelde van die data

(3)

5.2 Verwys na die frekwensietabel op die antwoordblad: (Moenie die data in 5.1 gebruik nie)

5.2.1 Voltooi die frekwensietabel.

(2)

5.2.2 Teken 'n histogram om die verspreiding van die data in die frekwensietabel te illustreer.

(4)

[13]

VRAAG 6

6.1 Die graad 8-klas het eenvoudige waarskynlikheidstoetse gedoen deur 'n ewekansige muntstuk 3 keer op te skiet en dit 8 keer te herhaal. Die volgende uitkomst is waargeneem: {HHH; HHT; HTH; THH; TTT; TTH; THT; HTT}

Wat is die waarskynlikheid van elk van die volgende gebeurtenisse?

6.1.1 Al drie opskiete gee Kop (H)

6.1.2 Daar is geen Koppe (H) in enige van die drie opskiete

6.1.3 Net een van die opskiete gee Kop (H)

6.1.4 Die tweede opskiet gee Kop (H)

(4)

6.2 'n Kubus se vlakke word benoem met die letters S; T; K; B; L; S

Indien die kubus een keer gegooi word, wat is die waarskynlikheid dat dit op die volgende sal land?

6.2.1 S

6.2.2 B

6.2.3 M

(3)

[7]

TOTAAL: 75

ANTWOORDBLAD GR 8 WISKUNDE VRAESTEL 2

NAAM:.....

ONDERWYSER:

5.2.1 Voltooi die frekwensietabel.

INTERVAL	TELLING	FREKWENSIE
0 – 9		
10 – 19		
20 – 29		
30 – 39		
40 – 49		
TOTAAL		

5.2.2 Teken 'n histogram om die verspreiding van die data in die frekwensietabel te illustreer.

